

# Les Plan Een

# Inleiding Tot Die Jagluiperd

## KRITIEKE UITKOMSTE

**KU #2:** Werk effektief saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie of gemeenskap.

**KU #3:** Organiseer en bestuur jouself en jou aktiwiteite op 'n verantwoordelike en effektieke wyse.

**KU #4:** Versamel, analiseer, organiseer en evalueer inligting op 'n kritiese wyse.

**KU #5:** Kommunikeer effektief met ander deur gebruik te maak van visuele, wiskundige en/of taal vaardighede wat oorgedra word deur mondelinge en/of skriftelike voorleggings.

## LEER UITKOMSTE

**LU #2:** Die leerders sal kennis dra van, en in staat wees om wetenskaplike, tegnologiese en omgewings kennis te interpreteer en aan te wend.

**Sub Vaardighede:**

- Inligting verstaan
- Veralgemening vanaf feite verskaf
- Patrone opmerk

## ASSESSERINGS STANDAARDE

- Kategoriseer inligting om kompleksiteit te verminder en kyk uit vir patrone.

## HOE OM DIE LES AAN TE BIED

Hersien die basiese eienskappe van die jagluiperd deur 'n aktiwiteit te kies vanuit die Graad Vier Leer Program een.



### AKTIWITEIT 1 – Spoor 'n kat op (Aangepas vanaf die Cincinnati Zoo se Track My Cat aktiwiteit)

Hierdie aktiwiteit is ontwerp om klem te lê op die verskille tussen die verskillende katte soos aangedui in Tabel 1: Vergelyking van Algemene Inligting vir Graad 4 en Tabel 1: Vergelyking van Algemene Inligting vir Graad 5. Leerders sal die leeu, luiperd, jagluiperd, rooikat, tier en die huiskat opspoor in 'n nabootsing van 'n habitat en van elke individuele dier leer terwyl hulle vordering maak. Hulle sal ook leer hoe om 'n veldgids van hulle eie te ontwerp en te gebruik.

Vir die doel van die les moet die onderwyser die klaskamer of 'n deel van die speelgrond aanpas om 'n reeks 'habitats' voor te stel wat geskik sal wees vir elke kat. Verdeel die gebied (die grootte kan deur die onderwyser bepaal word) in vier dele wat dan 'n savanne, 'n bergagtige gebied, 'n woud en 'n stedelike gebied sal voorstel. Die vier gebiede kan van mekaar geskei word deur 'n tou te gebruik of die gebiede kan voorgestel word deur van voorwerpe gebruik te maak wat gras, bome, bosse en klippe voorstel. Plaas 'n bord/teken in elke gebied om die habitat tipe aan te dui (savanne, woud ens).

Elke kat het ses versillende kaarte wat inligting oor daardie kat spesie bevat. Daar is ook verdere kaarte wat gebruik word om aan te dui dat 'n kat opgemerk is. Daar kan kopieë van hierdie kaarte gemaak word hulle dien as "blanks" om dit moeiliker vir die leerders te maak om die ses kaarte met die inligting oor die katte, wat voorheen genoem is, te vind. Dit maak die opsporing meer realisties aangesien dit dikwels gebeur dat diere vlugtig gesien word, maar nie geïdentifiseer kan word nie. Deel die Kat Opsporings Kaarte in die klas uit met elke kat in sy besondere habitat as volg:



Leeu, Jagluiperd, Luiperd, Rooikat - savanne  
Tier, Rooikat, Luiperd - woud  
Luiperd - berg  
Huiskat - stedelike gebied

Daar is drie stelle kaarte vir die luiperd, twee vir die rooikat en een elk vir die jagluiperd, leeu, tier en die huiskat. Plaas een stel in die bovermelde habitate. Dit sal meer pret wees om die kaarte te versprei deur verskillende vlakke in die klaskamer as om alles slegs op die vloer te plaas. Die leeu en luiperd kan dus soms in die bome gevind word, die jagluiperd kan probeer om in die skadu van bome en bosse weg te kruip en die huiskat kan oral in die stedelike gebiede gevind word.

Verdeel die klas in nege groepe. Elke groep sal een van die katte in een van die omgewings probeer opspoor. Verduidelik dat die studente wetenskaplike navorsingsspanne verteenwoordig wie se werk dit is om meer oor hierdie kat spesies uit te vind. Hulle gaan 'n veldgids ontwerp wat dit vir hulle en ander navorsers makliker sal maak om hierdie katte te identifiseer. 'n Veldgids is 'n boekie wat ontwerp is om diere makliker te identifiseer deur van 'n skets/foto met 'n kortlikse beskrywing daarby, gebruik te maak. Die beskrywing sluit in die habitat, verspreiding, dieët en gedrag wat dit moontlik maak vir die eenaar van die boekie om meer van die dier te leer wat hy gesien het. Die studente weet net hoe elke kat lyk. Selfs die naam van die kat is onbekend. Die studente moet die katte volg om meer oor hulle te ontdek. Kat Opsporings Kaarte is deur die kamer versprei op die spesifieke plekke waar mense die katte gesien het. Die doel is dat elke groep al ses van hulle Kat Opsporings Kaarte moet bymekaar maak, hulle kat moet identifiseer en 'n veldgids moet ontwerp deur van die aangehegte veldgids formaat gebruik te maak.







**Het jy  
geweet?**  
Leeus,  
jagluiperds,  
luiperds en  
rooikatte bly  
almal in savanne  
omgewings

Elke groep van wetenskaplikes sal 'n verskillende kat spesie kry om op te spoor en sal dan 'n onvolledige veldgids kry wat net inligting verskaf oor die voorkoms van die kat insluitende 'n buitelyn van sy liggaam. Soos aangedui deur die blanko gedeeltes op die onvolledige veldgids, moet die studente die periode van aktiwiteit, die dieët, sosiale gedrag, jaggedrag, voortplanting ens. uitvind. Studente beweeg deur die kamer en probeer die kaarte opspoor wat pas by die fisiese beskrywing van hulle kat. Alhoewel daar ander inligting op die opsporings kaarte is, is daar net een manier waarop die studente kan seker wees die kaart is van toepassing op hulle kat, en dit is om dit te vergelyk met die beskrywing op die Veldgids voorsien. Elke groep moet ses kaarte bymekaar maak wat spesifiek van toepassing is op hulle kat. Wanneer 'n student 'n kaart vind wat 'n ander kat beskryf as die een wat hulle moet opspoor, moet hulle dit op die presiese plek terugsit waar dit gevind is. As hulle egter een van die blanko kaarte opspoor wat 'n ongeïdentifiseerde kat verteenwoordig, kan hulle dit optel.

Sodra die studente al ses die kaarte gevind het moet hulle na die onderwyser toe kom. Die onderwyser sal die leerders help om hulle kat se naam te identifiseer deur gebruik te maak van die Tabel van Vergelykings wat in die Graad Vier Lesse op bladsy 7 gevind kan word. Nadat die opsporings aktiwiteit voltooi is en al die groepe weer gaan sit het moet hulle die inligting op hulle kaarte gebruik om die Veldgids vir hulle kat in te vul. Hulle moet netjies skryf sodat ander studente dit kan gebruik as 'n identifiserings gids. Wanneer die groepe hulle Veldgids voltooi het moet elke groep hulle kat aan die klas voorlê. Die voorlegging moet insluit waar hulle kat leef, wat dit eet en aspekte aangaande hulle voortplanting en jaggedrag. Na die voorleggings gedoen is, moeding die leerders aan om vergelykings tussen die katte te maak. Bespreek die verskille en ooreenkomste tussen sommige of al die afdelings wat gelys is op die Tabel van Vergelykings op bladsy 7 van die Graad Vier Lesse. Maak laastens gebruik van al die groepe se veldgidse om 'n klas veldgids van die katte saam te stel.



Veldgids kaarte:

<p>Leeu</p> 	<p>Jagluiperd</p> 	<p>Rooikat</p> 
<p>Tier</p> 	<p>Luiperd</p> 	<p>Huiskat</p> 

Veldgids Kaarte: Kopieër op die agterkant van die silhoeët kaarte.

Leeu Stel

<p>'n Groep volwassenes: die mannetjie en wyfie lê altwee onder 'n boom</p>	<p>In die nag gesien eet aan 'n groot bok</p>	<p>'n Groep wyfies bekruipe 'n koedoe en vang dit na 'n kort jaagtog</p>
<p>Groep wyfies gesien; vergesel deur vier welpies, ongeveer 6 maande oud, wat besig is om 'n haas te eët</p>	<p>Jong mannetjie van ongeveer 5 jaar gesien wat 'n wyfie die hof probeer maak</p>	<p>Gekonfronteer deur 'n groot mannetjie wat grom en blaas</p>



## Jagluiperd Stel

Enkele wyfie onder 'n bos gesien	Wyfie met werpsel van drie welpies gesien waar hulle vroegoggend 'n impala teen topspoed jaag	Jong mannetjie van ongeveer twee jaar besig om 'n wyfie die hof te maak
'n Paar mannetjies bekruipe 'n springbok gedurende laatmiddag	Konfronteer 'n alleenloper mannetjie wat weghardloop	Wyfie gesien wat haar 18 maande oue werpsel verlaat

## Luiperd Stel

Word gesien in 'n boom met sy prooi	Word in die nag gesien waar dit op 'n bok spring en dit doodmaak deur dit te versmoor	Wyfie met twee welpies word in die dag gesien
Jong mannetjie van ongeveer 3 jaar word gesien waar dit besig is om 'n wyfie die hof te maak	Wyfie gesien wat haar 2 jaar oue werpsel verlaat	Gekonfronteer deur 'n alleenloper mannetjie, wat probeer om aan te val



## Tier Stel

Alleenloper mannetjie gesien waar hy 'n wilde vark bekruij en hom aanval	Groep word in die nag gesien wat 'n maaltyd deel	Gesien waar dit besig is om een van die wetenskaplikes te bekruij
Sleep 'n takbok rond in die nag	Jong mannetjie van ongeveer 5 jaar word gesien waar dit besig is om 'n wyfie die hof te maak	Wyfie gesien wat haar 2 jaar oue werpsel verlaat

## Huiskat Stel

'n Klein kat van onbepaalde kleur word gesien speel met 'n muis	'n Wyfie met 'n werpsel van vier katjies speel in 'n tuin	'n Klein gemmer wyfiekat gesien waar sy 'n klein swaeltjie doodmaak
Klein wit katjie met swart kolle word gesien op een van die hoogste takke in 'n boom	Klein, grys langhaar kat gesien speel met 'n groep kinders	Klein swart katjie gesien jag maak op sprinkane op 'n voorstedelike veld



## Rooikat Stel

Wyfie gesien waar sy welpies van een jaar oud verlaat	Kat gesien waar hy 'n vlieënde voël in die nag aanval	Alleenloper mannetjie in die nag gesien
Gesien waar die kat 'n onvolwasse bok in 'n boom opdra	Gesien weghardloop toe mede- wetenskaplike die kat benader	Jong mannetjie van ongeveer 14 maande gesien waar hy 'n wyfie die hof maak

## Onvolledige Veldjags Kaarte



**Jou kat se naam:** \_\_\_\_\_

**Voorkoms:** Hierdie groot kat het 'n eenvormige vaal / sanderige pels met somtiges wat 'n swart punt op hulle sterte het. Die mannetjies het lang maanhare.

**Habitat:** \_\_\_\_\_

**Dieët:** \_\_\_\_\_

**Jaggedrag:** \_\_\_\_\_

**Sosiale Gedrag:** \_\_\_\_\_

**Ouderdom van seksuele volwassenheid:** \_\_\_\_\_

**Bedreiging vir die mens:** \_\_\_\_\_